

062107



182572169F



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

1984-05-30

- 30

1986-01-28

27 JUL 1980

PL-2720

29-5-98

TERUGI

0000452490



001.3072068 HSRC ERP 4



045249

**Spesifikasies en
kriteria vir die ontwerp
en evaluering van
onderwysprogram-
matuur: riglyne vir
gebruikers**

**Specifications and
criteria for the design
and evaluation of
educational
courseware: guidelines
for users**

**Spesifikasies en
kriteria vir die ontwerp
en evaluering van
onderwysprogram-
matuur: riglyne vir
gebruikers**

=

**Specifications and
criteria for the design
and evaluation of
educational
courseware: guidelines
for users**

**Verslag van die Werkkomitee:
Die rekenaar in onderwys en
opleiding
Deel 4**

=

**Report of the Work Committee:
The computer in education and
training
Part 4**

Die RGN-ondersoekprogram is organisatories en administratief ingeskakel by die Instituut vir Opvoedkundige navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Navorsings- en administratiewe hulp word dus op 'n deurlopende basis deur die direkteur, mnr. J.B. Haasbroek, en die personeel van die Instituut aan die program verleen.

The HSRC Educational Research Programme is organizationally and administratively linked to the Institute for Educational Research of the Human Sciences Research Council. Research and administrative assistance is therefore rendered on a continuous basis by the Director, Mr J.B. Haasbroek, and the personnel of the Institute.

Bultebladfoto goedgeunstiglik voorsien deur ComputerWeek

Cover photo by courtesy of ComputerWeek

Navorsingskoördineerder
S.W.H. Engelbrecht, B.Sc., D. Ed.,
Assistent-direkteur,
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Research co-ordinator
S.W.H. Engelbrecht, B.Sc., D.Ed.,
Assistant Director,
Institute for Educational Research

ISBN 0 7969 0039 6

ISBN 0 7969 0039 6

Prys: R5,00
(AVB ingesluit)

Price: R5,00
(GST included)

© Raad vir Geesteswetenskaplike
Navorsing 1983
Alle regte voorbehou

© Human Sciences Research
Council 1983
All rights reserved

Gedruk deur Blitskopies (Edms) Bpk.

Printed by Blitskopies (Pty) Ltd.

1001

BIBLIOTEK
LIBRARY

HSRC

1983-11-4


STANGKODE 001.3072068 HSRC ERP 4	REGISTERNUMMER 062107	
BESTELNUMMER R10		

Die Werkkomitee: Die rekenaar in onderwys en opleiding is een van n aantal werkkomitees wat binne die RGN-onderwysnavorsingsprogram aangestel is om voortgesette navorsing oor die onderwys te doen, veral in die lig van die bevindings en aanbevelings vervat in die RGN-onderwysverslag: Onderwysvoorsiening in die RSA.

Hierdie Werkkomitee se besondere opdrag was om ondersoek in te stel na die moontlike gebruike van die rekenaar in onderwys en opleiding. Ten einde aan sy opdrag uitvoering te gee, is n aantal navorsingstemas geïdentifiseer en is projekkomitees aangestel om die navorsing te onderneem. Hierdie werksaamhede het uitgeloop op nege subverslae wat geteintegreer is in n enkele werkkomiteeverslag. n Aantal van die navorsingsverslae wat vir die werkkomitee onderneem is, raak egter sulke aktuele sake aan dat besluit is om hierdie verslae as selfstandige publikasies vry te stel vir diegene wat in die besonder belang by die inhoud daarvan het. Die volledige stel verslae wat rondom die tema oor die rekenaar in onderwys en opleiding uitgereik word, is dus soos volg:

- Deel 1: Die rekenaar in onderwys en opleiding: bevindings en aanbevelings
- Deel 2: Die rekenaar in onderwys en opleiding: ondersteunende verslae (beperkte oplaag)
- Deel 3: Spesifikasies vir mikrorekenaarstelsels in skole en ander onderwysinrigtings: riglyne vir gebruikers
- Deel 4: Spesifikasies en kriteria vir die ontwerp en evaluering van onderwysprogrammatuur: riglyne vir gebruikers
- Deel 5: Strategieë vir die invoer van rekenaarbewustheid en rekenaargeletterdheid

Die onderhawige verslag (deel 4) bied aan die leser spesifikasies en kriteria vir die ontwerp en evaluering van onderwysprogrammatuur. Daar word onderskei tussen kriteria met n meer tegniese inslag en onderwyskundige kriteria. Die inhoud van hierdie verslag sal van tyd tot tyd hersien moet word en derhalwe word belanghebbendes vriendelik uitgenooi om kommentaar op die verslag aan die RGN te stuur. Daar word vertrou dat met hierdie verslag n bydrae gelewer sal word om die praktiese probleme rondom veral die evaluering van onderwysprogrammatuur te verlig. Volledige besonderhede oor die span wat vir die navorsing verantwoordelik was, verskyn elders in die verslag. Dank en waardering word uitgespreek teenoor al die persone en instansies wat dikwels op onbaatsugtige wyse bygedra het tot die navorsing en die skryf van die verslag.



S.W.H. ENGELBRECHT
VOORSITTER: WERKKOMITEE: DIE REKENAAR IN ONDERWYS EN OPLEIDING
RGN-ONDERWYSNAVORSINGSPROGRAM

PREFACE

The Work Committee: The computer in education and training is one of a number of work committees appointed in terms of the HSRC Education Research Programme with a view to conducting continued research into education, particularly in the light of the findings and recommendations contained in the HSRC Education Report: Provision of Education in the RSA.

The specific task of this work committee was to conduct an investigation into the possible use of the computer in education and training. With a view to carrying out the assignment a number of research themes were identified and project committees appointed to undertake the research. This research effort resulted in nine sub-reports that were subsequently integrated in a work committee report. A number of the individual reports however, are of such relevance that it has been decided to release them as separate publications. The full set of reports on the computer in education and training constitutes the following:

- Part 1: The computer in education and training: findings and recommendations
- Part 2: The computer in education and training: supporting reports (limited edition)
- Part 3: Specifications for microcomputer systems in schools and other educational institutions: guidelines for users
- Part 4: Specifications and criteria for the design and evaluation of educational courseware: guidelines for users
- Part 5: Strategies for the introduction of computer awareness and computer literacy

This report (part 4) deals with the specifications and criteria for the design and evaluation of educational courseware. A distinction is made between criteria with a more technical basis and educational criteria. The content of this report will have to be revised from time to time and persons concerned are therefore invited to submit their comments to the HSRC. It is trusted that this report will assist in alleviating the practical problems concerning particularly the evaluation of educational courseware. Full particulars on the team responsible for the research that preceded this report, are given elsewhere. Our sincere thanks to everyone who contributed to the research and the writing of the report.


S.W.H. ENGELBRECHT
CHAIRMAN OF THE WORK COMMITTEE: THE COMPUTER IN EDUCATION AND TRAINING
HSRC EDUCATION RESEARCH PROGRAMME

LEDE VAN DIE PROJEKKOMITEE:

Prof. L. Glasser (Voorsitter)

Universiteit van die Witwatersrand

Mnr. D.S. Gear

St. Stithians College

Mnr. T.P. Metrowich

**Departement van Onderwys en
Opleiding**

Prof. S.H. von Solms

Randse Afrikaanse Universiteit

MEMBERS OF THE PROJECT COMMITTEE

Prof. L. Glasser (Chairman)

University of the Witwatersrand

Mr D.S. Gear

St. Stithians College

Mr T.P. Metrowich

Department of Education and Training

Prof. S.H. von Solms

Rand Afrikaans University

1. INLEIDING	1
2. 'N VOORGESTELDE MODEL VIR DIE ONTWERP VAN ONDERWYSPROGRAMMATUUR	1
3. KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN ONDERWYSPROGRAMMATUUR	4
3.1 TEGNIESE KENMERKE	5
3.1.1 Skermuitleg	5
3.1.2 Beweging tussen skerms	7
3.1.3 Invoer van inligting	7
3.1.4 Menu	9
3.1.5 Materiaal wat die gebruiker steun	9
3.1.6 Doeltreffendheid van materiaal wat die gebruiker steun	10
3.1.7 Gebruik van die rekenaar se vermoë	10
3.1.8 Programbetroubaarheid	10
3.2 ONDERWYSKUNDIGE KENMERKE	10
3.2.1 Inhoud van die program	11
3.2.2 Die doel van die program moet duidelik gedefinieer word	11
3.2.3 Die program moet slaag in die doel waarvoor dit ontwerp is	12
3.2.4 Die aanbieding van die inhoud moet duidelik en logies wees	12
3.2.5 Die moeilikheidsvlak moet by die teikengehoor pas	12
3.2.6 Karakter van die program	13
3.2.7 Uitdaging aan leerlingkreatiwiteit	13
3.2.8 Terugvoer na leerlingresponse	13
3.2.9 Aansluiting by die leerling se vorige ervarings	14
3.2.10 Vermoë om te veralgemeen	14
4. EVALUERINGSPROSEDURES	15
KONTROLELYS VIR ONDERWYSPROGRAMMATUUR	16
A. Algemene kenmerke	16
B. Vergemaklikmaking vir leerling	17
C. Graderingskaal	18
BYLAE	
AFDELING 1: n Handleiding by die skryf van programatuur	21
A. Inleiding	21
B. Soorte programatuur	21
C. Kriteria	21
D. Gevolgtrekking	23
AFDELING 2: Voorlopige programatuurkriteria vir n plaaslike netwerk	23
A. Inleiding	23
B. Kriteria vir onderwyserbeheer	23
C. Kriteria vir die leerlingstasie	24
D. Slotopmerking	24
BIBLIOGRAFIE	25

CONTENT	PAGE
1. INTRODUCTION	1
2. A SUGGESTED MODEL FOR THE DESIGN OF COURSEWARE	1
3. CRITERIA FOR THE EVALUATION OF EDUCATIONAL COURSEWARE	4
3.1 TECHNICAL FEATURES	5
3.1.1 Screen layout	5
3.1.2 Movement between screens	7
3.1.3 Requesting input	7
3.1.4 Menu	9
3.1.5 User support materials	9
3.1.6 Effectiveness of user support materials	10
3.1.7 Using the capabilities of the computer	10
3.1.8 Programme reliability	10
3.2 EDUCATIONAL FEATURES	10
3.2.1 Content of the programme	11
3.2.2 The purpose of the programme should be well-defined	11
3.2.3 The programme should achieve the purpose for which it was designed	12
3.2.4 The presentation of the content should be clear and logical	12
3.2.5 The level of difficulty should be appropriate to the target audience	12
3.2.6 Personality of the programme	13
3.2.7 Challenge to student creativity	13
3.2.8 Feedback to student responses	13
3.2.9 Integration of student's previous experiences	14
3.2.10 Ability to generalize	14
4. EVALUATION PROCEDURES	15
COURSEWARE CHECKLIST	16
A. General features	16
B. Student facilitation	17
C. Rating scale	18
APPENDIX	
SECTION 1: A guide to authoring software	21
A. Introduction	21
B. Types of software	21
C. Criteria	21
D. Conclusion	23
SECTION 2: Preliminary criteria for local network software	23
A. Introduction	23
B. Criteria for teacher control	23
C. Criteria for the student station	24
D. Conclusion	24
BIBLIOGRAPHY	25

SPESIFIKASIES EN KRITERIA VIR DIE ONTWERP EN EVALUERING VAN ONDERWYSPROGRAMMATUUR: RIGLYNE VIR GEBRUIKERS

1. INLEIDING

Die ontwikkeling van die mikrorekenaar oor die afgelope 10 jaar, asook die beskikbaarheid daarvan teen 'n betreklik lae koste aan 'n verskeidenheid inrigtings, het die behoefte aan die ontwikkeling van onderwysprogrammatuur van 'n hoër standaard as tevore baie duidelik na vore laat kom. In die verlede is die rekenaar in baie gevalle as 'n "elektroniese omblaaiër" gebruik (Nievergelt, 1980).

Namate die mikrorekenaar verder ontwikkel is, het die houding daarteenoor tekens van verandering getoon. Gebruikers van rekenaars is op soek na programmatuur wat opvoedkundig gegrond is en terselfdertyd die verbeelding aangryp. Vir die doel van hierdie verslag kan die gebruiker hoofsaaklik gedefinieer word as bestaande uit diegene wat hulself op een van die Republiek se drie formele onderwysvlakke bevind. Dit wil egter nie sê dat die kriteria wat hier aangedui word nie van waarde sal wees vir "tuisrekenaargebruikers" wanneer hul onderwysprogrammatuur vir eie of gesinsgebruik wil beoordeel nie.

Daar word aanvaar dat ook dié gebruikers wat graag hul eie onderwysprogrammatuur wil vervaardig, die inhoud van hierdie verslag waardevol sal vind. In hierdie verband is die volgende stelling van belang: "Another reason for writing one's own (courseware) is that much existing courseware is not very good - for lack of experienced authors...." (Nievergelt, 1981).

Ook in die RSA is daar geesdriftige persone wat graag hul eie onderwysprogrammatuur vir rekenaarondersteunde leer en onderrig wil ontwikkel en wat 'n gids met kriteria wat aangewend kan word, by die aankoop en ontwikkeling van onderwysprogrammatuur, sal verwelkom. Met die oog hierop word daar kortliks in hierdie verslag verwys na 'n model waarvolgens onderwysprogrammatuur ontwerp en ontwikkel kan word. Daarna volg 'n bespreking van kriteria vir die beoordeling van onderwysprogrammatuur.

2. 'N VOORGESTELDE MODEL VIR DIE ONTWERP VAN ONDERWYSPROGRAMMATUUR

Baie skrywers het alreeds gewys op die behoefte aan 'n model wat kan dien as basis vir die ontwerp van onderwysprogrammatuur en sommige het voorstelle voorgelê wat wissel van eenvoudig tot ingewikkeld (Kosel, 1980; Kurtz en Bork, 1981; Sledge, 1980; Roblyer, 1981).

Die model wat vir die doel van hierdie verslag kortliks toegelig word, is deur Roblyer (1981) ontwikkel. Hierdie verslag is bruikbaar omdat dit gedagtes eie aan elkeen van die ander modelle bevat en daarby klem lê op

SPECIFICATIONS AND CRITERIA FOR THE DESIGN AND EVALUATION OF EDUCATIONAL COURSEWARE: GUIDELINES FOR USERS

1. INTRODUCTION

The development of the microcomputer over the past ten years and its availability, at relatively low cost, to a variety of institutions has brought into sharp focus the need to develop courseware of a higher standard than was previously attempted. In the past the computer was used, in many instances, as an "electronic page turner" (Nievergelt, 1980).

As the development of the microcomputer proceeded this attitude has tended to change. Computer users are seeking that which is educationally sound while at the same time imaginatively stimulating to the user audience. In the context of this report the user audience consists primarily of those involved in the three levels of formal education in the Republic. However, this is not to say that "home computer users" will not find the criteria listed here as useful if they wish to evaluate educational courseware for their own or their family's use.

It is assumed that this report will also be referred to by those of the user audience who wish to produce their own courseware. Nievergelt (1980) expresses it in this way: "Another reason for writing one's own (courseware) is that much existing courseware is not very good - for lack of experienced authors...."

Whatever the reason it is certain that most CAI (Computer assisted instruction) enthusiasts will wish to try their hand to producing their own courseware as well as wishing to have some guide as to the criteria to be used when purchasing courseware. With this in mind, this report will deal very briefly with a model for the design and development of courseware. After this, the published criteria for the evaluation of the courseware will be discussed.

2. A SUGGESTED MODEL FOR THE DESIGN OF COURSEWARE


The need for a model on which to base the design of courseware has been stated by many writers in this field, some of whom have proposed models ranging from the simple to the complex. (Kosel, 1980; Kurtz and Bork, 1981; Sledge, 1980; Roblyer, 1981).

The model proposed by Roblyer (1981) has been selected for the purpose of this report. The main reason for the selection of this model is that it incorporates the ideas common to all of the other models, as well as emphasizing the need for the model to be linked to learning theory.


die noodsaaklikheid daarvan dat die model deur 'n teoretiese raamwerk onderleë moet word.

FIGUUR 1: ROBLYER SE MODEL

FASE I: ONTWERP



FASE II: ONTWIKKELING



FASE III: BEOORDELING EN HERSIENING



Roblyer's model lists three phases in the process of designing courseware:


Phase 1: Design

Phase 2: Development


Phase 3: Evaluation and Revision

FIGURE 1: ROBLYER'S MODEL


PHASE I: DESIGN



PHASE II: DEVELOPMENT



PHASE III: EVALUATION AND REVISION



Die produkte van bogenoemde model is:

Konstatering van doelstellings en teikens. Dit word deurgaans gedefinieer in terme van die aktiwiteit wat van die leerling in die les verwag word en nie in terme van die rekenaar of die onderwysprogrammatuur se aandeel aan die les nie.

Leerkaart. Dit is veral noodsaaklik wanneer die onderwysprogrammatuurpakket uit 'n reeks vaardighede of 'n gedeelte van so 'n reeks bestaan. Die kaart toon drie dinge: al die vaardighede wat gedek moet word, asook daardie vaardighede wat as voorvereiste vir elke pakket dien; hiërargiese/voorafvereiste verhoudings tussen die vaardighede; en laastens, 'n voorgestelde volgorde waarin die onderrig in die verskillende vaardighede aangebied kan word. Die gebruik van hierdie model berus op die aanname dat daar 'n duidelike verskil is tussen "authoring C.A.I. programmes" (waar die klem val op die gebruik van 'n lesskryftaal) en "designing instructional courseware" (waar die klem verskuif na die implementering van didaktiese beginsels). (Roblyer, 1981).

Ondersoek na die verskille tussen die hoofsaaklike gebruik van 'n lesskryftaal teenoor die doelbewuste aanwending van didaktiese beginsels in die ontwerp van onderwysmateriaal toon hoe die gebruik van laasgenoemde metode die algemene kwaliteit van onderwysprogrammatuur help verbeter. Vier hoofverskilpunte tussen die twee metodes kan geïdentifiseer word:

1. Gebruik van 'n model:

Terwyl lesskryfprosedures gewoonlik van skrywer tot skrywer wissel, berus didaktiese ontwerpprosedures op 'n teoriegebaseerde model. 'n Belangrike aanname wat die gebruik van stelselmatige ontwerpmetodes onderlê, is dat die ontwerp van onderrigsituasies gebaseer moet wees op kennis van die wyse waarop mense leer.

2. Klem op geskrewe ontwerpdokument:

Die noodsaaklikheid van geskrewe dokumente in hierdie stadium is drievoudig: Eerstens help hulle om seker te maak dat die produk wat beplan word wel aan 'n onderrigbehoefte voldoen, asook dat die doel met die onderwysprogrammatuur aan almal, insluitende die programmeerder, duidelik is. Tweedens kontroleer 'n ontwerpdokument dat die beplande oplossing wel by die probleem pas. Laastens verskaf dit ook 'n bloudruk aan die programmeerder.

The products of the model shown above include:

Statements of goals and objectives. These are always in terms of what the student is to do in the lesson, not in terms of what the computer or the courseware will do.

Learning maps. This is especially necessary when the courseware package is a skills series or part of a skills series. The map shows three things: all of the skills to be covered and those required as entry skills for each package; hierarchical or prerequisite relationships among the skills; and, finally, a suggested sequence of presenting the various skills instruction. The use of this model is based on the assumption that there is a distinct difference between "authoring CAI programmes" and "designing instructional courseware" (Roblyer, 1981).

An examination of the differences between authoring and instructional design methods will be done here in order to demonstrate how the use of the latter can help improve the overall quality of microcomputer courseware. Four major points of difference can be identified (between the two methods):

1. Use of a model:

While authoring procedures usually vary from author to author, instructional design procedures follow a theory-based model. An important assumption underlying use of systematic design methods is that designing instruction must be based on knowledge of how human beings learn.

2. Emphasis on written design document:

The need for written documents at this stage is three-fold: First they help assure that the planned product is matched to an instructional need, and that the purpose of the courseware is clear to everyone, including the programmer. Secondly, a design document helps check for a match between the problem and the planned solution. Finally, it provides a blue-print to the programmer.

3. Spanbenadering tot ontwikkeling:

Die begrippe "lesskryftaal" en "lesskryfstelsel" impliseer dat onderwysprogrammatuur deur een individuele programskrywer opgestel word. Daar is egter heelwat aanduiding uit praktiese ervaring dat 'n span van twee of meer spesialiste nodig is om effektiewe onderwysprogrammatuur te ontwikkel (Gagné en Briggs, 1974).

4. Voorsiening vir formatiewe evaluering:

Bogenoemde begrippe impliseer laastens ook dat daar slegs na 'n ontwikkelingsproses verwys word en hierdie veronderstelling was al vir meer probleme verantwoordelik as enige ander aspek. Didakties verantwoorde ontwerpmetodes maak voorsiening vir 'n fase van formatiewe hersiening en verwerking (Dick en Carey, 1978). Die meeste formatiewe evalueringsmetodes sluit die werklike gebruik van die konsepmateriaal deur die leerlinge in. Enkele bruikbare formatiewe aktiwiteite is die volgende:

Een-tot-een: die ontwerper gaan die instruksies met elke leerling individueel deur

Klein groepie: 10 to 20 leerlinge gaan die onderwysprogrammatuur deur onder min of meer "egte" omstandighede

Veldtoetsgebruik: verskeie groepe gaan die onderwysprogrammatuur in die "veld" deur (Roblyer, 1981).

3. KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN ONDERWYSPROGRAMMATUUR

Die ontwikkeling van die kriteria wat vervolgens bespreek word, het gevolg uit die waarnemings en menings van die groot getal skrywers van onderwysprogrammatuur vir bedryfs- en privaatgebruik. Sommige van hierdie kriteria is getoets deur middel van waarneming van en onderhoude met eindgebruikers. (gewoonlik leerlinge). Ander kriteria spruit voort uit die ervaring wat tydens die vervaardiging (gewoonlik kommersieel) van onderwysprogrammatuur opgedoen is. Die doel met die dokumentering van hierdie kriteria is om die ontwerper van onderwysprogrammatuur en voornemende koper van 'n gids te voorsien deur middel waarvan tussen goeie en swak onderwysprogrammatuur onderskei kan word.

Die kriteria vir die beoordeling van onderwysprogrammatuur kan gerieflikheidshalwe in twee kategorieë verdeel word:

3. Team approach to development:

The term "authoring" carries a strong implication that courseware is done by one individual developer. There is considerable practical experience to suggest that a team or two or more specialists is needed to develop effective courseware (Gagné and Briggs, 1974).

4. Provision for formative evaluation:

A final implication of the term "authoring", which has probably resulted in more deficiencies than any other aspect, is that "authoring" seems to describe only a development process. Instructional design methods include some provision for a formative review and revision phase (Dick and Carey, 1978). Most formative evaluation involves actual use of the first-draft material by students. Some useful formative activities are called:

One-on-one: the designer sits with one student at a time as they go through the instructions

Small-group: involves 10-20 students going through the courseware under more or less "real" conditions

Field test use: several groups go through the courseware in the "field" (Roblyer, 1981).

3. CRITERIA FOR THE EVALUATION OF EDUCATIONAL COURSEWARE

The development of the criteria that are discussed below has come about as a result of the observations and opinions of the many writers of courseware for either commercial or private use. Some of the criteria have been tested by observation and interview with the end-users (usually students). Other criteria are the result of experience in the production (usually commercial) of courseware programmes. The purpose of documenting these criteria is to attempt to provide the instructional designer and intending purchaser with a guide as to what makes a good courseware programme as opposed to a poor one.

The criteria for the evaluation of courseware may, for convenience, be divided into two categories, namely:

Tegniese of ontwerpkenmerke

en

Onderwyskundige kenmerke

Alhoewel daar noodwendig oorvleueling tussen die twee kategorieë sal wees, word vir die doel van hierdie ondersoek gepoog om tussen hulle te onderskei. In die algemeen word met tegniese kenmerke daardie kenmerke bedoel wat met die programontwerp en -uitleg te doen het terwyl die onderwyskundige kategorie onder andere verwys na die onderwerpinhoud en die aanbiedingsvlak van die programmateriaal, dit wil sê na die didaktiese aspekte. Dit is in hierdie stadium van pas om ag te slaan op die woorde van Jensen en Tonies (1979): "It is very difficult to establish a comprehensive and universally acceptable list of attributes that determine good software system performance".

Nietemin moet gepoog word om so 'n lys van kriteria op te stel indien enige vooruitgang beplan word.

3.1 TEGNIESE KENMERKE

3.1.1 Skermuitleg

Elke skerm of raam moet georganiseerd, leesbaar en duidelik in oogmerk wees, wanneer dit aan die gebruiker gebied word.

Die volgende faktore moet in ag geneem word by die oorweging van elke raam:

Oorlading:

Die hoeveelheid teks en grafika wat op enige gegewe tydstip op die skerm verskyn, moet tot 'n geskikte minimum beperk word.

Handeling:

Die volgorde van vrae behoort 'n logiese patroon te volg sodat die gebruiker kan weet waar om hulle op die skerm te verwag:

- Beelde moet van links na regs oor die skerm beweeg
- Oormatige gebruik van die flitsmetode moet vermy word
- Die rol van teks op die skerm moet vermy word

Technical or Design features

and

Educational features

There will, of necessity, be an overlap between these two categories but, for the purpose of this investigation, an attempt will be made to separate them. Broadly speaking, the technical features are those that concern the programme design and layout, while the educational category deals with the subject content and level of presentation of the material in the programme. It would be appropriate at this point to heed the words of Jensen and Tonies (1979):

"It is difficult to establish a comprehensive and universally acceptable list of attributes that determine good software system performance".

Nevertheless, if progress is to be made, some attempt at developing such criteria must be made.

3.1 TECHNICAL FEATURES

3.1.1 Screen layout

Each screen of frame should be organized, readable and clear in its intent when presented to the user.

The following factors should be taken into account when considering each frame:

Overcrowding

The amount of text and graphics appearing on the screen at any one time should be kept to an appropriate minimum.

Action

Sequencing of questions should follow a logical pattern so that the user knows where to expect them to appear.

- Movement should be from left to right on the screen
- Overuse of the flashing mode should be avoided
- Scrolling of text on the screen should be avoided

- Die gebruiker moet die skerm as 'n bladsy beskou wat op sy bevel omgeblaai kan word. Vrae moet op die skerm bly totdat hulle nie langer nodig is nie
- Toevallige aanraking van die toetse behoort die gevraagde inligting nie te laat verdwyn nie

Teks:

Die aanbieding van groot hoeveelhede teksinligting moet vermy word. Wanneer teks aangebied word, moet op die volgende gelet word:

- Dubbelspasiëring maak die materiaal makliker leesbaar
- Groepering van die reëls van die teks om kort paragrawe te vorm, verhoog ook die leesbaarheid daarvan
- Gedeeltes van die teks wat geraam word met lyne of blokke beklemtoon sulke gedeeltes
- Die gevarieerde verspreiding van paragrawe op agtereenvolgende bladsye in die teks beklemtoon die unieke karakter van die besondere raam
- Aandag word op spesifieke inligting gevestig deur die spoed van tekstdruk te verander

Kleur, klank en grafika:

Die gebruik van klank moet vermy word by oefeninge of programme wat hoofsaaklik vir individuele gebruikers in die klaskamer ontwerp is. Daar moet nie inbreuk gemaak word op die kopiereg van 'n komponis wanneer musiek by 'n program gevoeg word nie.

Kleur kan aangewend word, maar die antwoorde van die leerling moet nie kleurafhanklik wees nie.

Die gebruik van kleur, klank of grafika as versterkers moet met omsigtigheid geskied. Hoe meer dikwels daar van 'n leerling verwag word om 'n gegewe program te gebruik, hoe minder uitvoerig behoort die versterkers te wees.

Die kwaliteit van die versterkers moet baie versigtig nagegaan word. Populêre uitdrukkings kan 'n program gou verouder.

- The screen must appear as a page to the user, turning at his command. Questions must remain locked into the screen until no longer required
- Random key-presses should not allow the requisite information to disappear

Text

Presentation of large amounts of textual information should be avoided. When presenting text, the following should be considered:

- Double spacing makes the material more readable
- Grouping of lines of text into small paragraphs also aids readability
- Blocking sections of text with lines or boxes emphasizes them
- Varied distribution of paragraphs on successive pages of text emphasizes the uniqueness of that particular frame
- Changing the speed of text printing draws attention to specific information

Colour, sound and graphics

Use of sound should be avoided on drills or programmes designed primarily for individual users in the classroom. The copyright of a composer should not be infringed when adding music to a programme.

Colour may be used but student responses should not be colour dependent.

Colour, sound or graphics as reinforcers should be used with care. The more frequently a student is expected to use a given programme, the less elaborate should the reinforcers be.

The quality of the reinforcers should be carefully controlled. Slang expressions will date a programme very quickly.

Reinforcers should be used consistently to ensure that the user does not get a false impression of a rating of his performance (e.g., "GOOD" and "EXCELLENT" may be regarded as providing different measures of support).

Versterkers moet konsekwent gebruik word om te verseker dat die gebruiker nie 'n vals beeld kry van hoe sy prestasie beoordeel word nie (bv. "GOED" en "UITSTEKEND" moet beskou word as versterkers van verskillende grade).

Statiese en dinamiese grafika behoort, waar toepaslik, gebruik te word.

Die POSITIEWE versterking vir korrekte antwoorde behoort interessanter te wees as die NEGATIEWE versterking vir foute. 'n Toepaslike stel van ekwivalente positiewe en negatiewe versterkers waaruit na willekeur volgens behoefte gekies kan word, kan gebruik word. Daar mag geen spel- of leestekenfoute in die teks voorkom nie.

3.1.2 Beweging tussen skerms:

Gebruik die (SPASIESTAAF) of (TERUG) om van een raam na 'n ander te beweeg: 'n Vermenging van alternatiewe gebruike moet sover moontlik in een program vermy word.

'n Nul-inskrywing (deur bloot die (TERUG) sleutel te druk), of veelvoudige nul-inskrywings, behoort gevolg te word deur 'n geskikte respons soos byvoorbeeld 'n herhaling van die vraag.

'n Volledige skermuitwissing behoort ALLE besonderhede van die ou materiaal van die skerm te skrap.

Gebruik van vroe om raampies te beheer:

Indien die toetsmateriaal verskeie bladsye lank is, moet 'n vraag aan die einde van elke raam gestel word om sodoende sorgvuldige lees aan te moedig.

Vermy onnodige verdragings:

Die gebruiker moet sover moontlik die beelde op die skerm beheer sodat hy van een raam na 'n ander kan beweeg wanneer dit hom pas.

Bepaalde verdragings behoort vooraafgegaan te word deur 'n boodskap soos "Net 'n oomblik, asseblief".

3.1.3 Invoer van inligting:

Die hantering van gebruikersinvoer is 'n belangrike oorweging by die skryf van enige rekenaarprogram.

- Die gebruiker moet nooit nodig hê om te raai hoe gevraagde inligting in die rekenaar gevoer moet word nie. Veelvoudige insette behoort

Static and dynamic graphics should be used as appropriate. The POSITIVE reinforcement for correct responses should be more interesting than the NEGATIVE reinforcement for errors.

An appropriate set of equivalent positive and negative reinforcers which can be randomly chosen when needed may be used.

The text must be free of spelling and punctuation errors.

3.1.2 Movement between screens

Use the (SPACE BAR) or (RETURN) for moving from one frame to another:

As far as possible a mixture of the alternative uses should be avoided within one programme.

A null entry (simply pressing the return key), or multiple null entries, should be dealt with by an appropriate response such as a repetition of the question.

A full screen erase should delete ALL of the old material.

Use of questions to control frames:

- If the text material is several pages long, a question should be asked at the end of each frame to encourage careful reading.

Avoid timing loops:

Displays should as far as possible be under the user's control so that he can move from one frame to another at his leisure.

Planned delays should be preceded by a message such as "Just a moment, please".

3.1.3 Requesting input

The handling of user input is a major consideration in writing any computer programme.

- The user should not have to guess how to enter required information. Multiple inputs should be entered separately.

- afsonderlik in die rekenaar ingevoer te word
- Konsekwentheid is belangrik beide ten opsigte van die metode van vrae stel en die vereiste formaat van antwoorde
 - Vermy die kodering van antwoorde (bv. "1" vir ja ; "2" vir nee), asook die gebruik van onnodige afkortings
 - Gebruik volsinne
 - Vrae moet gestel word terwyl die inligting wat nodig is om die vrae te beantwoord, nog op die skerm verskyn.
 - Indien die gebruiker deurgaans in 'n program moet kies uit 'n vasgestelde reeks keuses, moet daar nie van hom verwag word om die keuses te onthou nie. Daar behoort deurentyd op aanvraag een of ander verwysing daarna op die skerm sigbaar te wees
 - Omslagtige antwoorde behoort volgens sleutelwoorde beoordeel te word, in plaas daarvan dat 'n besondere antwoord vereis word
 - Die gebruiker moet verkieslik een of ander antwoord gee eerder as om bloot die spasie-staaf of terug sleutel te druk ten einde deur die program te gaan
 - Die aantal vrae wat nodig is vir 'n program of oefening moet tot 'n minimum beperk word
 - Die program moet in staat wees om ekwivalente korrekte antwoorde te aanvaar en te verwerk
 - Die ingewikkelde werking van die onderwysprogrammatuur mag nie 'n gevoel van onsekerheid by die gebruiker veroorsaak nie
 - Die gebruiker moet 'n beperkte aantal geleenthede kry om 'n vraag te beantwoord. Daar is gewoonlik drie herhalings, waarna die korrekte antwoord verskaf word
 - Die program moet toepaslike verslae hou, asook die opmerkings van gebruikers versamel
 - Dit moet vir 'n gebruiker moontlik wees om 'n les te onderbreek en by 'n later geleentheid vinnig na die punt van onderbreking terug te keer. Prosedures om bogenoemde uit te voer, asook versoeke om HULP moet geïmplementeer word
 - Die gebruikersrespons moet duidelik onderskei word van die rekenaar - voorsê of -respons

- Consistency both in the method of asking questions and the required format for responses is important
- Coding of answers (e.g., "1" for yes; "2" for no) should be avoided, as should unnecessary abbreviations
- Complete sentences should be used
- Questions should be asked while the information necessary to answer the question is still on the screen
- If the user must choose from a fixed set of options throughout a programme, then the user should not have to remember the options. Some form of reference should be visible on the screen at all times, on demand
- Lengthy answers should be matched for keywords rather than a specific answer being required
- The user should preferably make some response rather than just press the space bar or return key to move through the programme
- The number of questions required to run a programme or drill should be kept to a minimum
- The programme should be able to handle equivalent correct responses
- The user should not be made to feel insecure because of the operational complexity of the courseware
- The user should be given a limited number of opportunities to answer a question. The number of repetitions is often three, after which the correct answer is given
- The programme should keep appropriate records, including users' comments
- There should be a way for the user to leave a lesson and on a later occasion return rapidly to the same point in the lesson. Forward and backward stepping and requests for HELP should be implemented
- The user response should be clearly differentiated from the computer prompt or response

3.1.4 Menu:

’n Menu is ’n tipe program wat die name van verskillende programme op die skerm aandui waaruit die gebruiker van die program wat hy wil volg, kan kies.

Aan die einde van ’n program moet die keuse aan die gebruiker gelaat word om die program te herhaal of na die menu terug te keer. Die menu moet ’n kort beskrywing van elke program bevat en die leerling moet toegelaat word om dié beskrywing te raadpleeg as hy dit sou verkies.

3.1.5 Materiaal wat die gebruiker steun:

a. Leerlingmateriaal wat beskikbaar moet wees:

- Genoeg materiaal vir ’n verskeidenheid leerlingaktiwiteite
- Aktiwiteite met direkte betrekking tot die pakket wat die opdrag voorafgaan
- ’n Handleiding vir die gebruik van die pakket
- Werkstate

b. Onderwysersinligting wat beskikbaar moet wees:

- ’n Beskrywing van die onderrig/leeraktiwiteite wat moet plaasvind
- Voorstelle vir gebruik in verskillende klaskamersituasies

c. Bronne-inligting wat beskikbaar moet wees:

- ’n Bronnelys van hulpmiddels en verwysings wat met die inhoud van die program verband hou
- ’n Proefloop van die program

d. Tegnieese geskrifte wat beskikbaar moet wees:

- ’n Volledige verduideliking van die wyse waarop die program en pakket hanteer moet word
- Lyste van programkodes
- Verduideliking van gebruikerskeuses waardeur die program vir verskillende toepassings aangewend word
- Verduideliking van die koppelvlak tussen onderwysprogrammatuur en apparatuur of van enige ander ongewone kenmerke van die program
- Vloiediagramme of ander diagramme van die algemene logika van individuele programme en

3.1.4 Menu

A menu is a type of programme which lists on the screen the names of several programmes from which the user can select one which he wishes to run.

At the end of a programme the user should have the option of running the programme again or returning to the menu. The menu should include a short description of each programme; the student must be able to consult the description if he so wishes.

3.1.5 User support materials

a. Student materials which should be available:

- Sufficient materials for a variety of student activities
- Pre-instruction activities which relate directly to the package
- A guide to the use of the package
- Worksheets

b. Teacher's information which should be available:

- A description of the instructional activities that are to take place
- Suggestions for classroom use in a variety of situations

c. Resource information which should be available:

- A bibliography of resources and references related to the content
- A sample run of the programme

d. Technical documentation which should be available:

- Detailed explanation of how the programme and package should be operated
- Programme code listings
- Explanation of user-definable options which adapt the programme for different applications
- Explanation of the courseware/hardware interface or any other unusual features of the programme
- Flowcharts or other diagrams of the general logic of individual programmes and packages

- Vertolking van "fout"-boodskappe

3.1.6 Doeltreffendheid van materiaal wat die gebruiker steun:

Die aanbieding van die pakket is belangrik soos wat die geval is met alle gedrukte materiaal.

Daar moet op die volgende aspekte gelet word:

- Die gedrukte teks moet duidelik, leesbaar en aantreklik wees
- Modelle, diagramme en grafieke moet doelmatig en leesbaar wees
- Daar mag geen taal-, spel- of leestekenfoute in die teks, opskrifte, etikette, ens. voorkom nie

3.1.7 Gebruik van die rekenaar se vermoë:

- Die program materiaal moet spesiaal vir die rekenaar geskik wees
- Die rekenaar moet op 'n dinamiese, interaktiewe manier gebruik word
- Speelstange (stuurstange), ligpenne, ens. moet gebruik word as alternatiewe maniere waarop inligting in die rekenaar gevoer kan word
- Die leerlinge moet aktief en prakties betrokke wees by die gebruik van die rekenaar, eerder as om passief waar te neem

3.1.8 Programbetroubaarheid:

- Die program moet onder alle normale omstandighede konsekwent verloop
- Dit moet nie oormatig ingewikkeld wees om die program in die rekenaar in te voer nie
- Daar mag geen programmerings- of bedryfsfoute in die program voorkom nie
- Die rekenaarrespons moet korrek en leersaam wees

3.2 ONDERWYSKUNDIGE KENMERKE

Daar is verskillende vertolkings van die kwessie oor wat as onderwyskundige en wat as tegniese kenmerke beskou moet word. Vir die doel van hierdie verslag word die volgende aspekte as onderwyskundige kenmerke beskou:

- Interpretation of error messages

3.1.6 Effectiveness of user support materials

As with any printed materials, the presentation of the package is important.

The following need to be considered:

- The printed text should be clear, readable and attractive
- Pictures, diagrams and graphs should be appropriate and readable
- The text, captions, labels, etc., should be free of grammatical, spelling and punctuation errors

3.1.7 Using the capabilities of the computer

- The programme material should be specifically suited to the use of the computer
- The computer should be used in a dynamic, interactive way
- Paddles, joysticks, light pens, etc., should be used as alternative input modes
- Students should be actively involved in a "hands-on" manner, rather than passively observing

3.1.8 Programme reliability

- The programme should run consistently under all normal conditions
- The programme should load into the computer without undue complexity
- The programme should be free of programming and operational errors
- The computer response must be accurate and informative

3.2 EDUCATIONAL FEATURES

The question of what constitutes educational as opposed to technical features is open to different interpretations. The following aspects are regarded, for the purpose of this report, as educational:

3.2.1 Inhoud van die program:

Die program moet nagegaan word om te verseker dat die volgende probleme nie daarin voorkom nie:

- a. Verouderde inligting of onderrigbenaderings
- b. Feitelike foute
- c. Gebruik van 'n ongeldige model by simulاسie
- d. Oorvereenvoudigde model of voorbeelde
- e. Onbehoorlike gebruik van statistiese tegnieke
- f. Onjuiste grafieke en afbeeldings

Die onderwyskundige waarde van die inhoud:

Die volgende faktore moet in ag geneem word om te bepaal of die program onderwyskundige waarde het:

- a. Die inhoud en doelstellings van die program moet in die skoolleerplan vervat wees of moet laasgenoemde in voldoende mate aanvul
- b. Die kennis en vaardighede moet met die werklikheid rekening hou
- c. Gebruik van die pakket moet die onderwyser in staat stel om iets te wete te kom aangaande die geaardheid en behoeftes van die leerling wat dit gebruik
- d. Die leerstof moet die hoofbestanddeel van die program wees
- e. Daar moet geen etniese-, rasse- en geslagstereotipes in die program wees nie

3.2.2 Die doel van die program moet duidelik gedefinieer word:

- a. Doelstellings moet uitdruklik gestel word, eerder as dat afleidings daarvoor gemaak moet word
